Nou goed, die vorige hoofstuk het ons gewys hoe ons mislei was deur die wêreld se geloof, dat almal gelyk is aangaande geboorte, vermoë, visie en lewensuitkyk – *ons velkleur verskil maar net*. Maar, as jy net 'n bietjie kan terugstaan, dan sal jy sien dat dit nie so is nie. As jy nou ondersoek moet doen oor die bewoners van die aarde en 'n lys maak van die verskille, dan gaan jy die verskille redelik kan sorteer volgens hulle kleur, want dit is net 'n logiese gevolgtrekking – maar ons mag dit nie doen nie. Hoekom nie? *Want dit is 'n skande*.

Ons sien God het 'n volk uitverkies, en Hy het met dié volk 'n verbond gemaak, en ons het deel aan daai verbond, want Hy het dit aan ons bewys reeds met die Slag van Bloedrivier – ons gedenk dit nou nog. Die wêreldmagte wil dit van ons af weghou en sê *nee, dit is nie so nie*, sodat ons nie moet weet ons het 'n God nie.

Slegs wanneer (*dit is 'n voorwaarde*) ons weet ons het 'n God wat met ons 'n verbond het, en Hy het nie met ons vyande ook 'n verbond nie, sal ons in staat kan wees om in Hom te glo en op Hom te kan vertrou. Die bese magte weet dit ook. Die bese magte is nie net die duiwel nie, dit is almal wat in die duisternis werk. M.a.w, as jy jou vyande bestorm (want jy het 'n God), maar jou God is hulle God ook, kan jy op jou God vertrou? Jy kan nie, jy moet maar op jou eie vermoë staatmaak. So, net as ons weet ons het 'n God en Hy is nie ons vyand se God óók nie, sal ons in staat kan wees om in Hom te glo en om Hom te kan vertrou.

Ons het nou nodig om in Hom te glo en om Hom te kan vertrou, want dit word vir ons in ons land regtig al donkerder. Daar was onlangs weer 'n artikel oor *waterregte op grond van ras dat as jy 'n blanke is, jy nie waterregte kan kry nie* – dit gaan oor besproeiing. So, dit word stadigaan al donkerder. Nou wil ons op God vertrou, maar ons weet nie wie is Hy nie, en ons weet nie van ons verbond nie. Sodra ons agterkom ons het 'n verbond met Hom, wat Hy geïnisieer het, en Hy het nie 'n verbond met ons vyande nie, dan kan ons op Hom vertrou. As Hy met ons vyande ook 'n verbond het, hoe sal ons op Hom kan vertrou vir verlossing – *dalk verlos Hy hulle eerder as ons, ten koste van ons*? Die uitkoms van hierdie gedagte (*is God almal se God of is Hy my God? Kan Hy my beskerm teen my vyande?*) sal ons vertrou en geloof in God bepaal. Hoe relevant en hoe aktueel is dit? Wel, in ons land redelik, want ons het nou 'n God nodig om ons te help, want die oormag is te groot.

Toe Israel in Egipte was, was dit dieselfde – hulle was slawe en hulle het geroep tot hulle God, want hulle het 'n verbond met Hom gehad – Hy het nie 'n verbond met die Egiptenare gehad nie, en Hy het Israel uitgered. Nou is ons in dieselfde situasie, en dit gaan oor geloof: kan ons tot ons God roep en weet Hy is ons goedgesind én Hy is die Vyand van ons vyande? Of is ons oortuig dat Hy ons God én hulle God is? Want, as dit die geval is, kan ons nie tot Hom roep nie.

As God se volk met wie Hy 'n verbond het, in Hom glo en tot Hom roep om hulp, sal Hy hulle uitred. As God se volk se vyande tot Hom roep vir hulp, sal Hy hulle nié uitred nie, want Hy het geen verbond met hulle nie. Sy eie volk weet dan dat hulle op Hom kan vertrou, want Hy het reeds hulle kant gekies omdat hulle met Hom 'n verbond het – as jy dít nie weet nie, het jy nie geloof nie. As jy dit weet, het jy geloof. So, waarom gaan dit? Dit gaan oor geloof in God, om my uit te red. Die owerhede en die magte en die bese geeste in die lug weet dat daar 'n volk is wat 'n verbond met die Almagtige het (wat Hy geïnisieer het), en dat geen ander volk met die Almagtige 'n verbond het nie. Die owerhede en die magte en die bese geeste in die lug weet dit, en daarom is dit by hulle die hoogste prioriteit dat die volk van God dit nie moet weet nie – en veral nie moet weet dat hulle Sy volk is en dan met Hom 'n verbond ook nog het nie. Stel jou net voor as jy deel is van die bese en jy weet hier is 'n volk wat 'n verbond het met die Almagtige, en Hy kyk uit vir hulle, en hulle roep Hom aan – wat gaan jou prioriteit wees? *Ek gaan dááí verhouding vertroebel* – en, dit is wat gebeur. Die bese magte sê *hulle mag nie weet dat hulle uitverkore is uit al die volke wat op die aarde is nie, en dat die Almagtige Skepper met hulle 'n verbond het nie, maar hulle moet so min as moontlik weet, en so gou as moontlik onder die indruk geplaas word dat alle volke voor God gelyk is en dat Hy geen onderskeid maak nie*. Dit is waar ons trek; elke prediker sê dit. Wat sê God? *Ek het een volk uitverkies, want Ek is lief vir hulle en Ek het met hulle 'n verbond gemaak, en Ek het nie 'n verbond met enige ander volk nie*. Die Satan het gesien dit is vir hom 'n probleem: *hierdie volk gaan te sterk wees, ek moet hierdie verhouding ruïneer, ek moet hierdie verbond neutraliseer*. Die verbond is nie dood nie, dit is net geneutraliseer – dit is soos: *die huis het krag, maar die draad is af, want die vyand het gegaan en hy het die draad wat na die huis toe gaan, afgesny* – en die inwoners van die huis dink daar is nie krag nie, maar hulle is belieg en gesaboteer.

Jesaja 5:13 Daarom gaan my volk in ballingskap weens gebrek aan kennis, en hulle aansienlikes word hongerlyers en hulle menigte versmag van dors.

Wat was die probleem? Kennis. Wat is ons probleem? Ons weet nie wie is ons God nie, ons weet nie wat is ons verhouding met Hom nie.

Hoséa 4:6 My volk gaan te gronde weens gebrek aan kennis; omdat jy die kennis verwerp het, sal Ek jou verwerp, sodat jy vir My die priesteramp nie sal bedien nie; omdat jy die wet van jou God vergeet het, sal Ek ook jou kinders vergeet.

Die kennis? Wat sê die Satan? *Ek moet daai kennis by hulle wegvat.* Staan dit in die Bybel? Ja! Dit staan orals in die Bybel. Lees die mense die Bybel? Nee, hulle doen nie. Hoekom nie? Want die agente van die Satan wat hierdie leuen versprei, wil nie hê ons moet die Bybel lees nie – hulle lees dit vir ons op hulle manier, en hulle interpreteer dit. Hulle gee hulle weergawes sodat ons nie moet sien wat daar staan nie, want, as ons sien wat daar staan, het ons die kennis en ons sal nie vergaan nie. Wat is die gevolg van “nie-kennis”? *Daarom gaan My volk in ballingskap...* Waar is die Boervolk vandag? *My volk gaan te gronde weens gebrek aan kennis...* Wat het die Boervolk? Niks. ...*en hulle aansienlikes word hongerlyers en hulle menigte versmag van dors.*

Elkeen van ons is 'n individu, en ons lewe net iewers in 'n tydvak van ses-duisend jaar iewers op die aarde, iewers in 'n volk, en hier is jy – jy bevind jou vandag in Suid-Afrika as deel van die Boervolk, maar jy is nog steeds 'n individu – dit is jôu keuse: gaan jy die kennis kry, of gaan jy 'n gebrek aan kennis bly hê? Dit is jou keuse. Jy kon alreeds twee-duisend jaar terug geleef het, of vier-duisend, maar jy lewe nou. Ons is so vasgevang deur ons omgewing en die mense om ons, want dit is ons hele wêreld. Maar, dit is nie – hierdie is baie tydelik.

So, Vader se raad aan ons is: kry jy die kennis, ten spyte van al die sogenaamde slim mense om jou, en ten koste van jou aansien en jou gewildheid. Moet nie vrees vir die verwerping nie. Moet nie vrees vir die skande nie.

Die propaganda-masjien het 'n paar wapens om die ware Israeliete weg te hou van die verbond wat hulle met die Allerhoogste het. Nou gaan ek weer sê: ons is deel van die Israeliete van die uitverkore volk. Hoekom? Gaan kyk maar net na Bloedrivier. Waar kom ons vandaan? Van Europa. Waar was die Apostels gewees? Waar het hulle hul sendingwerk gedoen? In Europa. Wat sê die Satan en sy propaganda-masjien? *Nee, nee, nee, jy moet dit net nie weet nie, want as jy dit weet dan gaan jy op God staatmaak en dan kan ek geen weerstand bied nie, want dan staan ek teen Hom. Nou staan ek teen jou, ek gaan jou maklik oorrompel, want ek is magtig.* Die duiwel is magtig, moet hom nie onderskat nie. Die mens is glad nie magtig nie. Ons het niks – en hy sal jou oorrompel met sy kennis van leuens, dit is wat hy met Adam gedoen het. Maar, as jy weet jy het 'n God, en jy roep Hom aan en jy sê *help my*, kan die Satan jou niks aandoen nie, en die Satan weet dit. So, wat wil hy doen? Hy wil ons so vêr as moontlik weghou van ons verbond met God.

So, wat doen die propaganda-masjien? Wat se wapens het hy?

1. Hulle weet niks van die verbond en die uitverkiesing af nie – hulle hou hulle besig met ander onderwerpe. So, almal gaan kerk toe en daar is baie onderwerpe, maar die een wat taboe is, is die uitverkiesing – ons bespreek dit nie, Martin Luther het dit al gesê: *nee, dit is 'n onderwerp wat mens nie bespreek nie.* Hoekom nie? Die Satan wil nie hê ons moet agterkom daar is so iets nie. Wat beteken *uitverkies*? Party is gekies en party nie. Wat sê die wêreld-godsdiens? Almal is uitverkies – hoe kan almal uitverkies wees?
2. Hulle word geleer dat die Nuwe Verbond met die kerk gemaak is en dat die kerk die bruid van Yahshua is. Is dit so? Nee, die Nuwe Verbond is met presies dieselfde mense. Ek herhaal dit elke keer, ek herhaal dit weer:

Hebreërs 8:8 Want Hy berispe hulle en sê: Kyk, daar kom dae, spreek die Here, dat Ek met die huis van Israel en die huis van Juda 'n nuwe verbond tot stand sal bring,

Hebreërs 8:9 nie volgens die verbond wat Ek met hulle vaders gemaak het op die dag toe Ek hulle aan die hand geneem het om hulle uit Egipteland uit te lei nie; want hulle het nie gebly by my verbond nie, en Ek het hulle veronagsaam, spreek die Here.

Die kerk het nie vaders nie. Mense het vaders – dit is mense, dit is nie 'n organisasie nie. Jy word nie deel van die Israeliete as jy in die kerk is, of as jy lid van die kerk word nie – dit is die Satan se evangelie.

3. As hulle wel nuuskierig raak oor die uitverkiesing, word hulle geleer dat die Jode die uitverkore volk van God is. Die Bybel sê dat hulle wat sê dat hulle Jode is, lieg, en dat hulle in werklikheid die sinagoge van die Satan is.

Openbaring 2:9 Ek ken jou werke en verdrukking en armoede (*Hy skryf dit aan een van die sewe gemeentes*) maar jy is ryk en die lastering van die wat sê dat hulle Jode is en dit nie is nie, maar 'n sinagoge van die Satan.

Ek haal nou net hierdie punte aan, maar daar is nog baie ander.

So, daar is mense op hierdie aarde wat sê dat hulle Jode is. Wie is hulle? Wel, dit is die wat sê dat hulle Jode is – as jy vir hom vra: *is jy 'n Jood?*, dan sê hy *ja* – dit is hulle. *Hulle wat sê dat hulle Jode is, maar dit nie is nie* – wat is hulle? Hulle is die sinagoge van die Satan. Is daar een groep wat sê hulle is Jode? Ja. Is daar 'n tweede groep wat sê hulle is Jode? Nee, daar is net een. Dit is nie baie moeilik nie.

Openbaring 3:9 Kyk, Ek gee jou uit die sinagoge van die Satan, van die wat sê dat hulle Jode is en dit nie is nie, maar lieg Ek sal maak dat hulle kom en voor jou voete neerbuig en erken dat Ek jou liefgehad het.

Wat sê hulle? Ons is God se volk. Hulle sal kom en voor die regte volk van God neerbuig en erken dat God Israel liefgehad het, en nie die Jode nie. Pas op vir die leuen...

Omdat God met die Israeliete 'n verbond gehad het, kon hulle Hom aanroep in Egipte en Hy het hulle verhoor, nie omdat hulle beter en groter as ander volke was nie, want hulle was die geringste, maar omdat Hy hulle liefgehad het en 'n verbond met hulle gehad het – dit is hoekom hulle Hom kon aanroep. Ons kan nie vandag sê: *ja, maar dié volk en ja, maar dááí volk, en ons is net so sleg soos hulle...* dit het niks met niks te doen nie – dit het met liefde te doen. God het 'n sekere volk liefgehad en met hulle 'n verbond gemaak – God het nie 'n verbond met 'n sekere volk gemaak en hulle liefgekry nie. Wat was eerste? Die liefde, en toe die verbond. En toe Hy Sy lewe vir ons kom gee het, wat was eerste: Sy lewe vir ons gegee het, of Sy liefde? Sy liefde was eerste – Hy het nie lief geword omdat Hy gesterf het nie, Hy was lief, en toe het Hy kom sterf. Hy het kom sterf vir dié wat Hy liefgehad het. Wie het Hy liefgehad? 'n Uitgekose geslag.

Nou, slegs wanneer ons kan ontsnap – ek sê **slegs** – slegs wanneer ons kan ontsnap uit die leuen wat ons gevange hou in die kerker, sal ons in staat wees om in God te kan glo. Geloof in God is vir ons almal 'n enorme probleem. Ons praat die prate, maar ons doen nie die doene nie. Hoekom? Want ons het 'n tekort aan geloof, ons geloof is te klein – ons kan nie op Hom vertrou nie. Ons het 'n plan B wat altyd plan A word, want ons het nie geloof in God nie. Hoekom? Want ons glo Hom nie. Hoekom glo ons Hom nie? Want ons verstaan Hom nie. Ons verstaan nie Sy Woord nie, dit is vir ons 'n raaisel. Hoekom? Want iemand verander dit vir ons – nou kry ons nie geglo nie. *Ek het alternatiewe vir die waarheid*, maar dit is leuens. Slegs wanneer ons kan ontsnap uit die leuen wat ons gevange hou in die kerker, sal ons in staat wees om God te kan glo – jy moet eers van die leuen ontslae raak. Die leuen hou jou weg van God af. Paulus sê: *ek het dit alles as drek beskou om die uitnemendheid van Christus te verkry*. Ek moet dit eers... – wat kom eerste? Ek moet eers van die leuen ontslae raak, anders kan ek nie glo nie.

Omdat die propaganda-masjien deur die preekstoel vir ons leer dat God verbonde maak, en dit dan weer kanselleer, en 'n eed sweer en dit later weer laat vaar, veroorsaak dit dat ons vertrou in God verloor, omdat Hy nie getrou aan Sy woord is nie, en dan is dit vir ons onmoontlik om in Hom te kan glo.

Kan ons dit sien? Die preekstoel leer vir ons: God het 'n verbond gemaak met Abraham, Isak en Jakob. Die verbond het gesê: Ek sal vir jou 'n God wees, en jy en jou nageslag sal vir My 'n volk wees tot in ewigheid – en net 'n rukkie daarna toe sê Hy: nee, kom ons los dit, Ek maak nou 'n ander verbond: Ek maak 'n nuwe verbond, en Ek maak dit met iemand anders. Onthou, Abraham, Isak, Jakob en die twaalf aatrsvaders is nou al dood, maar hulle lewe, en dan kom hulle terug, maar met wat se gedagte? *Ons en ons nageslag het 'n ewige verbond met die Almagtige*. Dan sê Hy vir hulle: *o, jammer manne, daar het iets intussentyd gebeur en Ek moes My verbond staak; Ek het 'n nuwe verbond gemaak, maar met heeltemal iemand anders* – wat gaan hulle van Hom dink? Onbetroubaar, want môre, oormôre sê God: *kom Ek maak met julle 'n verbond*, en dan sê ons: *kom ons los dit maar...* Ek sê dit met respek, maar dit is presies wat ons geloof afbreek, want ons lees die beloftes, maar in ons agterkop weet ons *God verbreek verbonde* – 'sogenaamd', want dit word vir ons geleer. Hy het nie Sy verbond verbreek nie; die Satan leer dit vir ons deur sy agente en ons glo dit, en ons kan God nie glo nie – ons kry nie reg om Hom te glo nie.

As ons nie in Hom glo nie, dan kan ons Hom nie vertrou vir ons verlossing nie en sal dan op ons eie vermoë staatmaak – is dit nie maar wat ons doen nie? *Ek kan nie op Hom vertrou vir my oudag nie, want Hy is 'n God wat belowe en dit nie doen nie. Ek soek konsekwentheid, ek soek vastigheid, ek soek iemand wat 'n belofte maak en daarby bly, en God doen dit nie, Hy verander... Maar, Hy doen nie – dit word net vir ons gesê.*

Jeremia 33:24 Het jy nie gemerk wat hierdie volk spreek nie as hulle sê: Die twee geslagte wat die HERE uitverkies het, dié het Hy verwerp? En hulle verag my volk, sodat dit geen nasie voor hulle meer is nie.

Gaan haal vir my vandag die predikant wat dit nie sê nie: ...*Het jy nie gemerk wat die predikante spreek nie as hulle sê: Die twee geslagte (Israel en Juda) wat Yahweh uitverkies het, dié het Hy verwerp? En hulle verag my volk, sodat dit geen nasie voor hulle meer is nie... Watter predikant sê dit nie? Watter kerk sê dit nie? Hulle sê dit almal. Wat sê hulle? God is ontrou. Wat sê God? Ek sal dit nooit doen nie, Ek kan nie ontrou wees nie, Ek het 'n ewige verbond.*

Net 'n praktiese voorbeeld: As 'n vriend jou belowe om jou te kom help trek en hy daag nie op nie, en later sê hy dat iets anders voorgeval het, sal jy vanselfsprekend volgende keer twyfel of hy gaan opdaag. Is dit nie maar hoe dit werk nie? Dan het jy 'n plan B, en dan vra jy maar nog iemand, want laas het jy geweldig gesukkel – *dit is nogal swaar om 'n yskas op jou eie te dra, want jou vriend het nie opgedaag nie.* Nou trek jy weer, nou vra jy hom weer, maar jy weet hy het laas nie opgedaag nie – so, wat doen jy? Plan B. As hy weer nie opdaag nie, sal jy moeilik in hom kan glo, want sy woord is nie veel werd nie. As God beloftes maak en nie daarby hou nie, hoe sal ons in enige van Sy beloftes kan glo? Wat veroorsaak die preekstoel, dat ons in God glo, of dat ons in Hom twyfel? Dat ons in Hom twyfel. Hoekom? Want hulle sê dit wat God belowe het, doen Hy nie.

Nou kom die praktyk na my toe en my lewe is moeilik. My lewe is selfs in gevaar en ek het 'n God nodig om my te help, maar ek glo nie in Hom nie, want ek kan Hom nie vertrou nie, want Hy is ontrou – Hy maak beloftes wat Hy nie nakom nie, hoe kan ek Hom dan vertrou? *Ek het hierdie vriend, maar ek kan hom nie vra om my te help nie, want hy gaan net nie opdaag nie – dalk gaan hy opdaag, dalk gaan hy nie opdaag nie, maar ek het hulp nodig, ek kan nie sonder hom nie, maar hy is ontrou... – en 'dit is ons God', so sê hulle, maar dit is nié ons God nie.*

So, as ons die saak uitmaak en ons sien dat daar vir ons gelieg is, en ons sien ons God is 'n waarmaker van Sy woord, dan gaan ons geloof in Hom verander – en dit is wat ons wil hê. Ons is nie nou besig met teologie nie, en ons is nie besig om 'n argument te wen nie. Ook is ons nie besig om te sê wie is reg en wie is verkeerd nie; *ek smag na geloof!* Hoekom? Want ek is in die moeilikheid – *ek trek en iemand moet my kom help.* Ons land val uitmekaar en ons het hulp nodig. *O, Trump sal ons help...* Trump sal ons nie help nie, hy bedryf net politiek. Maar, ons het 'n God – ons glo net nie in Hom nie, want ons vyande het vir ons gesê Hy is onbetroubaar. Waar is hierdie belofte waarvan ek praat?

Génesis 17:7 En Ek sal my verbond oprig tussen My en jou en jou (*Abraham*) nageslag ná jou in hulle geslagte as 'n ewige verbond, om vir jou 'n God te wees en vir jou nageslag ná jou.

...*in hulle geslagte* – jy kan jouself nie bylas nie, jy word in dit gebore – dit is 'n geslag. Van geslag tot geslag, tot by die laaste persoon van hierdie geslag, ...*om vir jou 'n God te wees en vir jou nageslag ná jou* – dit is die verbond. Partymaal word ons so vasgevang tussen die Ou- en Nuwe Verbond, maar wat is die verbond, wat is die ooreenkoms? *Ek sal vir jou 'n God wees, vir jou en jou nageslag, en julle sal vir My 'n volk wees.*

Génesis 17:8 En Ek sal aan jou en jou nageslag ná jou die land van jou vreemdelingskap gee, die hele land Kanaän, as 'n ewige besitting; en Ek sal vir hulle 'n God wees.

Maar nou kom die Satan en hy sê: *dit het klaar gebeur, hulle het God teleurgestel, Hy het Sy verbond gebreek.* Hoekom? Want hulle is nie in Kanaän nie. Hy sê: *En ek sal aan jou en jou nageslag ná jou die land van jou vreemdelingskap gee (Génesis 17:8)* – die eerste punt is: Abraham het nie die land gekry nie, Isak het dit nie gekry nie, Jakob het dit nie gekry nie, en die twaalf seuns het dit nie gekry nie; so, wat beteken dit? Óf God is 'n leuenaar, Hy belooft iets wat Hy nie doen nie, óf hulle gaan dit nog kry. Rêrig? Gaan hulle dit nog kry? Ja, want hulle lewe. God is nie 'n god van dooies nie – Abraham, Isak en Jakob lewe – Yahshua self het dit gesê. Yahshua kom terug aarde toe en die grafte gaan oop, en Abraham, Isak, Jakob, en die twaalf aartsvaders staan op – en waar gaan hulle heen? Wel, hulle het 'n stuk grond wat aan hulle behoort wat die Almagtige aan hulle belowe het; hulle gaan soontoe. Rêrig? Ja, rêrig, want God is nie 'n leuenaar nie, Hy het dit gesê.

En jy en ek is ook nie daar nie, ons sit aan die uithoeke van die aarde, ons is verstrooi, maar dit is my land ook. Wie is nou daar? Die sinagoge van die Satan. En wat sê hulle? *Dit is óns land en dit is óns God* – God sal maak dat hulle kom en voor die ware Israel neerbuig en erken dat God die ware Israeliete liefhet, en nie die sinagoge van die Satan nie. Dít is wat ons moet glo, dít is geloof, want dit is vas en waar – dit is wat God belowe het. Wat was die effek op die nageslag van hierdie aartsvaders se kinders?

Exodus 2:23 En in daardie lang tyd het die koning van Egipte gesterwe. En die kinders van Israel het gesug en geweeklaag vanweë die slawerny. En hulle geroep om hulp oor hulle slawerny het opgeklim tot God.

Exodus 2:24 En God het hulle gekerm gehoor, en God het gedink aan sy verbond met Abraham, met Isak en met Jakob.

Dit was die gevolg – hier is hierdie mense in Egipte, dit is die geslag van Abraham, Isak en Jakob, hulle skree: *Vader, red ons! Ons kry swaar!* Hy hoor 'n gekerm, en wat doen Hy? Hy dink aan Sy verbond met Abraham, Isak en Jakob.

Exodus 2:25 En God het die kinders van Israel aangesien, en God het hulle geken.

Ons is in daardie selfde situasie. Daardie geslagte het aangehou, en hier is ons vandag, en ons is in slawerny, en ons roep tot ons God, *en God het hulle gekerm gehoor*, en Hy hoor ons gekerm – *en God het gedink aan Sy verbond met Abraham*, en die predikant sê vir jou *nee, die verbond is met die kerk*. Wie se agent is dit wat sulke goed sê? Vader praat van die vals profete wat sê: *so spreek Yahweh*, maar Yahweh het dit nie gespreek nie. Yahweh het nie gesê Hy is die God van die kerk nie, Hy het gesê Hy is die God van Abraham, Isak en Jakob – nooit het Hy gesê Hy is die God van die kerk nie. Dit is die agente van die kerk, dit is die dienaars van die kerk wat sê *dit is die God van die kerk* – daai is 'n ander god.

As God met 'n eed aan Abraham belowe het dat Hy vir hom en sy nageslag *tot in ewigheid* 'n God sal wees, maar later laat vaar Hy die verbond en maak 'n soortgelyke verbond met die kerk, is God se woord dan betroubaar? Kan ons Hom glo as Hy belowe om ons te red wanneer ons deur die dal van doodskaduwee gaan? Kan ons Hom glo? Staan daai belofte, of het dit ook verander? Of wanneer Hy sê Hy sal ons siel red van die hel, kan ons Hom glo vir dít? Hoe kan ons Hom vir die een belofte glo, maar Hy is onbetroubaar vir die ander? Hy red my siel van die hel; *ja, ek glo Hom, Hy sal dit doen – my vertroue is totaal op Hom, want Hy het dit gesê*. Maar, Hy het ook gesê *Ek is die God van Abraham, Isak en Jakob en hulle nageslag tot in ewigheid*, maar daarvoor glo ons Hom nie. Dit is óf nie 'n betroubare God nie, óf dit is ongelowige volgelinge. Voorbeeld: Dawid was totaal oortuig dat hy die reus kan verslaan, omdat hy heeltemal bewus was van sy verbond met God – ons ken almal die verhaal van Dawid. Hy het ook 'n vaste vertroue gehad dat God getrou sal wees aan Sy verbond, en dit is die definisie van geloof. God het met óns ook 'n verbond, Hy sê *Ek is jou God, en jy is My volk en Ek kyk uit vir jou, Ek beskerm jou, Ek bewaar jou, Ek maak jou paaie gelyk voor jou* – en Dawid het dit geweet. Dawid het ook 'n vaste vertroue gehad dat God getrou sal wees aan Sy verbond, en dit is die definisie van geloof. Nou weet ons nie eens van die verbond nie, hoe kan ek dit glo?

1 Samuel 17:26 Daarop het Dawid die manne wat by hom staan, gevra en gesê: Wat sal met die man gebeur wat hierdie Filistyn verslaan en die smaad van Israel wegneem? Want wie is hierdie onbesnede (*onbesnede beteken: hy is nie deel van die verbond nie*) Filistyn, dat hy die slagordes van die lewende God durf uitdaag?

Wat is Dawid se houding, wat sy gesindheid? *Israeliete, weet julle nie dat julle 'n verbond met die Almagtige het nie? En wie is hierdie Filistyn wat kom staan en sulke dinge sê? Weet hy nie wat aan die gang is nie, en weet julle nie wat aan die gang is nie?*

1 Samuel 17:36 U dienaar het die leeu sowel as die beer doodgeslaan, en met hierdie onbesnede (*verbondlose*) Filistyn sal dit gaan net soos met een van hulle, omdat hy die slagordes van die lewende God uitgedaag het.

Hoe het Dawid die geloof gehad? Hy het geweet. Wat geweet? Daar is 'n God en Hy is die Skepper van hemel en aarde, en Hy het 'n volk uitgekies en met hulle 'n verbond gemaak en gesê *Ek is julle God*, en met niemand anders het Hy 'n verbond gemaak nie. Nou kom hier 'n Filistyn, hy is nie deel van My verbond nie, en hy daag die Israeliete uit en sê: *wie van julle* – en nie een van die Israeliete sien kans nie, want nie een van hulle weet van die verbond wat hulle het met God nie – hulle het al gehoor daarvan, maar hulle glo dit nie. En hier kom Dawid, en dit is vir hom 'n uitgemaakte saak. Dawid het 'n verbond gehad met die Almagtige, en die Filistyne het nê – daarom was die uitkoms van hierdie geveg vir Dawid geen verborgenheid nie. Dawid het nie gewonder wat gaan gebeur nie, hy het geweet. Dawid het geweet die reus gaan teen die Almagtige baklei – die reus gaan teen Yahweh baklei.

Dawid was heeltemal bewus daarvan dat hy 'n seun is en dat die reus 'n geoefende soldaat was. Verder het Dawid net 'n slingervel gehad waar die reus sy wapenrusting gehad het. In die normale menslike oog was Dawid op pad na 'n gewisse dood, maar vir Dawid was hy op pad na 'n ongetwyfelde oorwinning. Hoekom? Want hy het 'n verbond met die Almagtige – dit beteken as hy daar op die gevegsfront gaan, is die Almagtige daar. Kyk na Dawid se hele lewe – wanneer het hy ooit 'n geveg verloor teen die Filistyne? Nie een keer nie, want nooit het hy alleen gegaan nie, hy het in 'n verbond met die Almagtige gegaan.

1 Samuel 17:43 En die Filistyn vra vir Dawid: Is ek 'n hond dat jy met stokke na my toe kom? En die Filistyn het Dawid vervloek by sy gode.

1 Samuel 17:44 Verder sê die Filistyn vir Dawid: Kom na my toe, dat ek jou vlees aan die voëls van die hemel en die diere van die veld kan gee.

1 Samuel 17:45 Maar Dawid sê vir die Filistyn: Jy kom na my met 'n swaard en met 'n spies en met 'n lans, maar ek kom na jou in die Naam van die HERE van die leërskaars, die God van die slagordes van Israel, wat jy uitgedaag het.

Vader praat van *die volk oor wie My Naam uitgeroep is*. Dawid sê: *maar ek kom na jou in die naam van Yahweh van die leërskaars, die God van die slagordes van Israel*. Kan die Filistyn dit sê? Nee, want die Naam van God is nie oor die Filistyn uitgeroep nie, dit is oor die Israëliete uitgeroep, en Dawid is 'n Israëliet. Op hierdie stadium is Dawid net 'n seun, 'n herder, en hy sê *die Naam van die Almagtige is oor my uitgeroep Filistyn, weet jy wie daag jy uit? Nie die Israëliete nie, maar die God van die Israëliete* – en dit is geloof, en dit is waar ons by wil uitkom, maar die vyand weet dit, en hy roof dit by ons weg sodat ons nie by dit kan uitkom nie. Kan jy Dawid wees? Jy kan. Hoe? Deur geloof. Dawid was een man. Dink as daar tien van ons is wat dit sien – dan is daar tien Dawids. En as daar honderd is? Maar, ons kyk na die menigte en ons sê *ons sal dit nooit kan doen nie*. Dit vat net een man, dit vat net vir Dawid om te glo. Al die Israëliete staan en bewe, die koning saam met hulle, en daar kom 'n seun en hy sê: *Filistyn, weet jy wat jy doen? Beslis nie, want jy het nie 'n verbond met die Almagtige nie, maar ek het*. Sy Naam is oor my uitgeroep, maar nie oor jou nie – hoe durf jy Israel uitdaag terwyl hulle 'n Almagtige God het?

1 Samuel 17:46 Vandag sal die HERE jou in my hand oorlewer, dat ek jou kan verslaan en jou hoof van jou wegneem, en die lyke van die leër van die Filistyne vandag aan die voëls van die hemel en die wilde diere van die aarde kan gee, sodat die hele aarde kan weet dat Israel 'n God het.

Dit is wat die Filistyn oorspronklik vir Dawid gesê het: *kom dat ek jou doodmaak sodat die voëls jou kan vreet*. Dawid sê: *nee, jy het dit verkeerd-om, die voëls gaan jōu opvreet*.

...en die lyke van die leër van die Filistyne vandag aan die voëls van die hemel en die wilde diere van die aarde kan gee, sodat die hele aarde kan weet dat Israel 'n God het.

Dit is waaroor dit gaan: Israel het 'n God, en die Filistyne het nie 'n God nie, en die Egiptenare het nie 'n God nie, en die Jebusiete het nie 'n God nie – Israel het 'n God, tot vandag toe – daar is 'n uitverkore geslag, en as hulle dit kan weet en op hulle God vertrou, waar is die reus wat hulle sal kan wen? Hy bestaan nie...

1 Samuel 17:47 Dan sal hierdie hele menigte moet erken dat die HERE nie deur swaard en deur spies verlos nie; want die stryd behoort aan die HERE, en Hy sal julle in ons hand gee.

Maak nie saak hoe groot die oormag is nie, maak nie saak wie jou vyand is nie, maak nie saak wat wat hulle sê nie – hulle sê *ek gaan jou vlees aan die voëls van die hemel gee*. En as jy geloof in God het omdat jy weet jy het 'n verbond met Hom (wat Hý geïnisieer het), waar Hý gesê het *Ék maak met jōu 'n verbond* (ons het nie gesê ons maak met Hom 'n verbond nie, Hy het gesê Hy maak met ons 'n verbond), en jy weet dit, en die menigte sê: *ons gaan jou vlees vandag vir die voëls van die hemel gee*, dan sê jy: *nee, julle het dit verkeerd-om, want die Naam van die Almagtige is oor my uitgeroep, en ek gaan julle verslaan, en die voëls van die hemel gaan julle vlees eet, want die stryd behoort aan Yahweh – dit maak nie saak hoeveel julle is nie, Hy sal julle in óns hand gee*.

1 Samuel 17:48 Toe die Filistyn hom dan klaarmaak en aldeur nader kom om Dawid te ontmoet, loop Dawid gou na die vegterrein om die Filistyn te ontmoet;

1 Samuel 17:49 en Dawid steek sy hand in die tas en neem 'n klip daaruit en slinger, en hy tref die Filistyn in sy voorhoof, sodat die klip in sy voorhoof indring en hy op sy gesig teen die grond val.

1 Samuel 17:50 So het Dawid dan die Filistyn oorweldig met 'n slinger en 'n klip. En hy het die Filistyn verslaan en hom gedood alhoewel daar geen swaard in Dawid se hand was nie.

1 Samuel 17:51 Daarop het Dawid gehardloop en by die Filistyn gaan staan en sy swaard geneem, dit uit sy skede getrek en hom van kant gemaak, en hy het daarmee sy hoof afgekap. Toe die Filistyne sien dat hulle held dood was, het hulle gevlug.

'n Absolute gevaarlike situasie vir Israel en hier kom 'n skaapherder, 'n seun, en hy weet *die Naam van die Almagtige is oor my uitgeroep*. Hierdie Filistyn, hy dink hy daag my uit, hy dink hy daag die Israeliete uit – hy daag God uit. As gevolg van die verbond is God self betrokke by die geveg en gee Hy die oorwinning – dit maak nie saak hoe klein Dawid is en hoe groot die reus is nie, die oorwinning is baie maklik vir Yahweh. Sjoel! Besef dit – ek gaan dit herhaal: As gevolg van die verbond is God self betrokke by die geveg, kan ek maar sê, by ons geveg, en Yahweh gee die oorwinning – dit maak nie saak hoe klein en min ons is en hoe groot en baie en magtig ons vyande is nie, die oorwinning is baie maklik vir Yahweh; dit is nie vir Hom moeilik nie. Dit maak nie saak of daar een, of een-duisend, of tien-duisend of een-miljoen of honderd-miljoen of 'n duisend-miljoen is nie, dit is vir Hom presies dieselfde. Dit is soos wanneer jy 'n brief tik op jou rekenaar en jy vee dit uit: of jy 100 karakters uitvee, en of jy 'n duisend karakters uitvee, en of jy 'n honderd-duisend karakters uitvee, dit is vir jou net dieselfde – jy druk een knoppie en woeps!, weg is almal. God is Almagtig. As iemand vir my vra *hoe kry jy dit reg om 'n duisend karakters uit te vee, ek kry nie eens honderd gedoen nie?* Dan sê ek *ekskuus, hoe werk dit daar by jou?* Maar, ons geloof in Vader beperk Hom tot ons vermoë. Ons sien *die oormag is te groot, Hy kan nie!* Maar, dit is vir Hom geen verskil nie, tussen een- en honderd-miljoen, is vir Hom geen verskil nie.

Psalm 33:16 'n Koning word nie verlos deur 'n groot leër, 'n held nie gered deur groot krag nie.

Psalm 33:17 Die perd help niks vir die oorwinning en red nie deur sy groot krag nie.

Psalm 33:18 Kyk, die oog van die HERE is op die wat Hom vrees, op die wat op sy goedertierenheid wag;

...Kyk, *die oog van Yahweh is op Dawid wat Hom vrees, op Dawid wat op Sy goedertierenheid wag...* en dan sit jy jou naam daar in, as jy kan. As jy nie kan nie, groei in die geloof, word sterk in die geloof – en dit is ons almal. As jy geloof het soos 'n mosterdsaad, sal jy vir hierdie boom sê *ontwortel jouself en werp jou in die see* – en hy sal dit doen. Ons kan dit nie doen nie, ons het nie geloof nie. Hoekom nie? Want ons geloof word afgebreek van die preekstoel af... meestal. Maar, as ons by God kan uitkom en ons eet die ware Brood van die Ewige Lewe, sal ons geloof in Hom groter word – *en kyk, die oog van Yahweh is op die wat Hom vrees, op die wat op Sy goedertierenheid wag*; Wag beteken: ek is tevrede, my lewe is in Sy hand, Hy kan besluit, Hy verlos wanneer Hy wil.

Psalm 33:19 om hulle siel te red van die dood en hulle in die lewe te hou in hongersnood.

Psalm 33:20 Ons siel wag op die HERE; Hy is ons hulp en ons skild;

Psalm 33:21 want ons hart is bly in Hom, omdat ons op sy heilige Naam vertrou.

Psalm 33:22 Laat u goedertierenheid, HERE, oor ons wees net soos ons op U wag!

Hierdie is 'n baie goeie gebed om iewers te sit wat jy elke dag kan lees om te sien, dit is wat Vader sê. Wat sê Vader? Hy wag vir my om op Hom te vertrou; ...*kyk, die oog van Yahweh is op die wat Hom vrees, op die wat op Sy goedertierenheid wag*. Gideon – hy vat 'n hele weermag om die Midianiete te verslaan, maar God bewys dat getalle niks beteken nie en dat dit glad nie die uitkoms bepaal nie, net soos by die Slag van Bloedrivier: *hoeveel is julle, en hoeveel is hulle? Nee-nee, die oormag is te veel!* Dit is irrelevant, by God tel hulle niks – *hoeveel perde het julle?* Maak nie saak nie. *Wat se wapens het julle?* Maak nie saak nie – dit maak nie saak nie! Vader druk die 'delete'-knoppie; en woeps!, weg is die vyande – Hy is Almagtig.

Rigters 7:2 Toe sê die HERE vir Gideon: Die manskappe by jou is te veel vir My om die Midianiete in hulle hand te gee; anders kan Israel hom teen My beroem deur te sê: My eie hand het my verlos.

Wat sê Vader? *Nee, daai is te veel mense, want dan gaan julle dink dit is julle verlossing – Ék is julle Verlosser*. Dawid was één man, en Hy verlos die hele Israel. Hier sê Vader: *Gideon, hulle is te veel*.

Rigters 7:3 Roep dan nou tog uit voor die ore van die manskappe en sê: Die wat bang is en bewee, kan teruggaan en wegdraai van die gebergte van Gílead af. Toe het daar van die manskappe twee en twintig duisend omgedraai, en tien duisend het oorgebly.

Hierdie tien-duisend is dapper ouens, die banges is weg.

Rigters 7:4 Daarop sê die HERE vir Gídeon: Die manskappe is nog te veel; bring hulle af na die water, dan sal Ek hulle daar vir jou uitsoek; en van wie Ek aan jou sê: Hierdie een mag met jou saamgaan—dié mag met jou saamgaan; maar elkeen van wie Ek aan jou sê: Hierdie een mag nie met jou saamgaan nie—dié mag nie gaan nie.

Rigters 7:7 Toe sê die HERE vir Gídeon: Deur die drie honderd man wat gelek het, sal Ek julle verlos en die Midianiete in jou hand gee; maar al die ander manskappe kan elkeen na sy woonplek gaan.

Rigters 7:22 En toe die drie honderd op die ramshorings blaas, het die HERE die swaard van die een teen die ander gerig, ja, in die hele laer; en die laer het gevlug na Bet-Sitta, na Seréda toe, tot by die oewer van Abel-Mehóla by Tabbat.

Nou kan jy dink, hierdie drie-honderd kyk vir die Midianiete – die Skrif sê hulle was soos sprinkane, hulle was orals – nou is daar drie-honderd van Gídeon-hulle, en hoe moet drie-honderd nou al die Midianiete doodkry? Wat doen Vader? Die swaard van die een was teen die ander, en die laer het gevlug, en Israel het oorwin. Hoe? Deur God. En ons kyk na die menigtes, ons kyk na die ingewikkeldheid, ons kyk na die wêreld-politiek, ons kyk na die situasie... Ons het 'n God, en ons het met Hom 'n verbond, en Hy sê: dertig-duisend? drie-honderd? een? – Ek gee nie om nie: *Is daar net iemand? Ek sal verlos!*

Sodra ons vry kan kom van die leuen wat ons gevange hou, sal ons in staat wees om die waarheid te glo. Dit wat ons van die waarheid weg hou, is die potensiele skande wat ons mag oorkom. Onthou, ons het na dit gekyk in die vorige hoofstuk: blanke mense se grootste vrees is skande, en hulle word gemanipuleer deur skande. Die CIA het dit gedoen, hulle het 'n eksperiment gedoen en gesien: Aha, dit werk! En ons vrees skande. *Om die skande te voorkom glo ek liewers die menigte predikers wat my in die gehoor streel, bokant God.* Sodra ons die waarheid glo, deur in God te glo, sal niemand teen ons kan staan nie en sal Hy ons van ons vyande verlos – sodra ons Hom kan glo.

Dit is dus nie die einde van die Boere-Afrikaner nie, want ons het 'n God en ons het 'n verbond met Hom. Glo jy dit? Dit is jou keuse. Net Dawid het in God geglo en al die ander Israeliete het gebewe vir die reus – maar, God het net een persoon nodig wat in Hom glo, en dit kan enige een van ons wees. As almal Baäl wil volg, en jy is die enigste een wat vir Yahweh volg, laat dit so wees. As al die bewoners van die aarde die draak aanbid, want Openbaring sê hulle sal, behalwe hulle wat die waarheid liefhet en die waarheid soek, dan sal hy God vind, want God is waarheid. Dit is die enkeling, dit is jý – dit is nie die groep nie, dit is nie almal wat op 'n Sondagoggend saamsing nie, dit is jý en God.

Is die verbond waarlik op ons van toepassing? *Dit klink vir my so lekker, ek wens ek was deel van daai volk...*

Deuteronomium is die boek wat geskryf is na die deurtog, voor die intog. So, die Israeliete is nou deur die woestyn en al daai ongelowiges het gesterf, die nuwe geslag staan daar – hulle gaan nou die beloofde land ingaan, en nou vertel Moses vir hulle alles wat gebeur het:

Deuteronomium 4:25 As jy kinders en kindskinders sal verwek en julle in die land verouderd sal wees en verderflik handel deurdat julle 'n gesnede beeld maak, 'n gelykenis van enigiets, en doen u wat verkeerd is in die oë van die HERE jou God om Hom te terg,

Deuteronomium 4:26 dan neem ek (*Moses*) vandag die hemel en die aarde as getuies teen julle dat julle sekerlik gou uit die land sal vergaan waarheen julle oor die Jordaan trek om dit in besit te neem; julle sal die dae daarin nie verleng nie, maar sekerlik verdelg word.

Wat het gebeur? Hulle het die beelde aanbid, en hulle het uit die land uit gegaan. ...*julle sal die dae daarin nie verleng nie, maar sekerlik verdelg word* – en hulle is in ballingskap.

Deuteronomium 4:27 En die HERE sal julle onder die volke verstrooi (*en dit het gebeur*), en 'n klein klompie van julle sal onder die nasies oorbly waarheen die HERE julle sal drywe.

Deuteronomium 4:28 En daar sal julle gode dien, die werk van mensehande, hout en klip wat nie sien en nie hoor en nie eet en nie ruik nie.

Deuteronomium 4:29 Dan sal julle daarvandaan die HERE jou God soek en vind as jy Hom met jou hele hart en jou hele siel soek.

Almal ken hierdie en almal stem saam, maar wanneer? Waar is hierdie klein klompie wat na Hom soek? *Nee, dit was seker die ouens in Babel...*

Deuteronomium 4:30 As jy in die nood is en al hierdie dinge aan die einde van die dae oor jou kom, sal jy na die HERE jou God terugkeer en na sy stem luister.

...aan die einde van die dae: is dit na die Babiloniese Ryk? Nee. Is dit tydens die Griekse Ryk? Nee. Is dit tydens die tyd van Yahshua twee-duisend jaar terug? Nee. Is dit vyf-honderd jaar terug toe Konstantyn die kerk begin het? Nee. Is dit duisend-vyfhonderd jaar terug toe Martin Luther teen die kerk in opstand gekom het? Nee. Watter tyd is dit? *Aan die einde van die dae.* Waar lewe ons? Aan die einde van die dae. Hierdie is op toepassing aan die einde van die dae. Wat? *Dan sal julle* – met wie praat God? Met die Israeliete, Hy sê julle gaan nou in die land ingaan, maar julle gaan gode dien en God gaan julle verstrooi oor die aarde, maar aan die einde van die dae sal julle *na Hom roep, en Hy sal na julle luister.* Wie? Die nageslag van Abraham, Isak en Jakob – aan die einde van die dae.

Dit is elkeen van ons se keuse, gaan jy Hom aanroep, of gaan jy die god van die kerk aanroep? Wat is die verskil? Die een is die God van 'n volk, en die ander is die god van 'n organisasie. *Vir wie aanbid ek?* Ek aanbid die God van Abraham, Isak en Jakob – die God van Israel. Ek aanbid nie die god van die kerk nie, want ek lees nêrens van hom in die Bybel nie – hy is nie daar nie, hy is opgemaak, hy is die misleier.

Deuteronomium 4:31 Want die HERE jou God is 'n barmhartige God; Hy sal jou nie verlaat en jou nie in die verderf stort nie; en Hy sal die verbond van jou vaders wat Hy hulle besweer het, nie vergeet nie.

Die god van die kerk het die verbond vergeet, die God van Israel vergeet nie die verbond nie. Wat was my vraag? Is die verbond waarlik op ons van toepassing?, want dit is van toepassing op iemand – dit is 'n ewige verbond. Miskien is dit jy, miskien is dit nie jy nie, maar jy sal moet uitvind. Is dit die moeite werd? As jy wil bly by die god van die kerk, is dit jou keuse, maar as jy die waarheid soek en jy sê: *ek soek die God van Israel, ek soek die God van die Bybel* – die God van die Bybel is die God van Israel. Die keuse is elkeen van ons se eie keuse. As ons bly glo in die wêreld se god, wat die god van ons vyande ook is, sal ons nooit geloof in Hom kan hê om ons van óns vyande te verlos nie. Maar, as ons weet dat Hy my God is, en my vyande is Sy vyande (soos die reus was vir Dawid), dan sal Hy my verlos van al my vyande wanneer ek Hom aanroep, want ek het 'n verbond met Hom. Die kerk praat so baie van die Verbondsgod, maar hulle het nie 'n idee wat die verbond is nie. Dit is die verbond: *Ek sal vir jou 'n God wees, en jy sal vir My 'n volk wees.*

As my verhouding met die wêreld egter vir my belangriker is as my geloof in God, sal ek glo wat die propaganda-masjien deur die preekstoel vir my sê, en ek sal by hulle baie gewild wees, maar ek sal nie die vermoë hê om in God te kan glo nie.

Filippense 2:12 Daarom, my geliefdes, soos julle altyd gehoorsaam gewees het, nie in my teenwoordigheid alleen nie, maar baie meer nou in my afwesigheid, werk julle eie heil uit met vrees en bewing;

Wie? Ons, ek en jy – werk jou eie heil uit met vrees en bewing, besluit wie jy gaan glo. Gaan ek God glo? *Ja!* – dit is wat almal sê. Waar hoor ek wat Hy sê? *In die kerk.* Nee! *In die Bybel.* Die onvervalste melk, nie die vervalste weergawe van die kerk nie. Wat is die kerk se weergawe? Dit is hulle weergawe. Hoekom is daar meer as vyftig-duisend verskillende kerke? Want elkeen het 'n ander weergawe. Wie se weergawe wil jy hê? *Nee, dankie! Ek soek die onvervalste melk.* Werk jou eie heil uit met vrees en bewing... jou eie heil.

Josua 24:14 Vrees dan nou die HERE en dien Hom in opregtheid en waarheid, en verwyder die gode wat julle vaders gedien het oorkant die Eufraat en in Egipte, en dien die HERE.

Josua 24:15 Maar as dit verkeerd is in julle oë om die HERE te dien, kies dan vir julle vandag wie julle wil dien: òf die gode wat julle vaders daar oorkant die Eufraat gedien het, òf die gode van die Amoriete in wie se land julle woon; maar ek en my huis, ons sal die HERE dien.

...Vrees dan nou Yahweh en dien Hom in opregtheid en waarheid, en verwyder die godsdiens wat julle vaders vir julle oorgebring het van die kerk-wêreld af. Wat is die kerk-wêreld? Dit is die Romeins-Katolieke Kerk – verwyder dit onder jou uit en dien Yahweh sonder dit. ...Maar as dit verkeerd is in julle oë om die HERE te dien, kies dan vir julle vandag wie julle wil dien – kies dan maar wat jy wil, werk jou eie heil uit met vrees en bewing – jou eie heil. Jy kan kies wie jy wil dien, jy kan self die besluit neem, maar die gevolge kan jy nie kies nie. ...Maar as dit verkeerd is in julle oë om die HERE te dien, kies dan vir julle vandag wie julle wil dien – maar, ek en my huis, ons sal Yahweh dien. Wie is Yahweh? Dit is die God van Abraham, Isak en Jakob.

'n Leuen steel jou geloof. 'n Leuen betreffende die Almagtige, neutraliseer jou geloof in God. Ons het geloof in Hom nodig om verlos te word van ons vyande – ons moet in Hom kan glo en sê *my God het die vermoë en Hy is getrou*, maar, as Hy blyk ontrou te wees deurdat Hy Sy Woord verander, kan ek nie in Hom glo nie. Werk jou eie heil uit met vrees en bewing. Gaan jy Hom glo vir wat Hy sê, of gaan jy aanvaar dat Hy 'n leunaar is omdat die predikers so sê? Hulle sê Hy het Sy verbond gebreek, Hy het 'n nuwe verbond gemaak met die kerk. Hy het dit nie gedoen nie, Hy het dit nie gesê nie! Die verbond wat hy met Abraham, Isak en Jakob gemaak het, staan nog steeds. Sy naam is onheiligh omdat Sy volk nie in die land is waar hulle moet wees nie, maar Hy sê *ter wille van My Naam sal ek julle terugbring*. Wanneer gaan dit gebeur? Aan die einde van die dae as die grafte oopgaan, sal hulle teruggaan, ter wille van Sy Naam – Hy is nie 'n leunaar nie, Hy kan nie verander nie. As jy dit kan glo en as jy dit kan sien, sal jy geloof in Hom hê dat Hy met jou 'n verbond het, en dat Sy verbond beloftes het, en dat jy op daai beloftes kan staatmaak, en dat jy na die reus toe kan stap en sê *nee, nie my vlees vir die voëls nie, jou vlees vir die voëls, want ek het 'n God*.

Rom 11:33 o Diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God! Hoe ondeurgrondelik is sy oordele en onnaspeurlik sy weë!

Rom 11:34 Want wie het die gedagte van die Here geken, of wie was sy raadsman gewees?

Rom 11:35 Of wie het eers iets aan Hom gegee, dat dit Hom vergeld moet word?

Rom 11:36 Want uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Syne is die heerlikheid tot in ewigheid. Amen.